

## Sing vooraf: Psalm 1:1 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,  
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;  
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 103:9 (p. 506)

- 9 Maar Gods genade en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;  
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,  
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

## Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## Psalm 18:19 (p. 77)

- 19 Hul was gehoorsaam as hul oor / net van my roem en dade hoor.  
Hul het al kruipende gekom; / uit vestings skuif hul kragt'loos, krom.  
Die HERE leef! Lof aan my Rots! / Die HEER, my heil, sy groot gemaak!  
Hy gee my op my vyand wraak / en breek die volke in hul trots.

Skriflesing: 1 Samuel 13

Teks: 1 Samuel 13:14

**Maar nou sal jou koningskap nie bestaan nie. Die HERE het vir Hom 'n man na sy hart gesoek; en die HERE het hom as vors oor sy volk aangestel, omdat jy nie gehou het wat die HERE jou beveel het nie.**

(1 Samuel 13:14 AFR1953)

Die koning wat in die Ou Testament oor die verbondsvolk regeer het, is aan talle eise onderwerp. Hy kon nie doen wat hy wou nie. Die toestand was so:

- God was self die ware Koning van sy uitverkore volk.
- Die aardse koning moes net doen wat God van hom verwag het.
- Prakties moes hy slegs God se raad en wil oor die volk uitvoer.

Die koning het goed geweet wat die wil van die Here is, want die profete het dit vir hom vertel.

- Daarom het die profete altyd deur die geskiedenis die Woord van God aan die koning verkondig – gevraag en ongevraag.
- Soms was die profete gewild, en ander kere uiters ongewild, maar hulle het voortdurend die openbaring van die Here bekendgemaak.

## 1. Saul se beproewing

In die gedeelte wat ons gelees het, kom die koningskap van Saul onder beproewing.

- As hy op die wyse wat God voorskryf, koning wil wees, sal sy koningskap bevestig word.
- As hy wil koning wees volgens sy eie wil, gaan God dit van hom wegneem.

Ons kry Saul by Gilgal in 'n baie benarde posisie. Hy het al sewe dae lank gewag. Tot op die tyd wat Samuel vasgestel het – maar Samuel kom nie.

- Saul se hande was afgekap, want hy moes by Samuel hoor wat hy moet doen.
- Samuel sou die brandoffers offer en die slagoffers slag en by daardie geleentheid aan die volk bekendmaak wat hulle moet doen.

Samuel se koms was dus baie belangrik. Maar Samuel kom nie!

Intussen ruk die vyand op en Saul se soldate loop weg.

- Daar is nog net seshonderd van hulle oor!

Op die allerlaaste oomblik neem Saul die inisiatief:

- Hy gee die bevel dat hulle die offerdiere vir hom moet bring.
- Hy sal die brandoffer offer!

***Daarmee het hy die grens van sy amp oorskry! Hy, wat koning is, gaan offer – so al asof dit sou help sonder profetiese opdrag oor wat hulle in die noodsituasie moes doen.***

Net toe Saul gereed is om die brandoffer te offer, kom Samuel meteens daar aan!

- Met ander woorde, Saul het tog nie lank genoeg gewag nie.
- Samuel het laat gekom – maar nie só laat nie.

Dit blyk dus dat God Saul beproef het om te sien of hy op die profetiese opdrag sou wag.

- God stuur sy profeet met sy opdrag – en in hierdie gebeurtenis bepaal God die tyd en die plek.
- Hy deursoek ook die hart van die wat Hy geroep het om sy diens uit te voer of hulle dit kan en wil doen.

## 2. God se siening

Let net vir die oomblik daarop dat die situasie waarin Saul gestaan het, baie trekke het wat ooreenkom met die situasie waarin Adam en Eva gestaan het toe hulle die proefgebod in Genesis 3 deurgemaak het.

- Die beproewing waaraan die Here Saul onderwerp het, was swaar en moeilik.
  - Dit het gegaan oor 'n ernstige saak – daar is oorlog en mense se lewens en 'n volk se toekoms is op die spel.
- Maar nog belangriker – dit het gegaan oor gehoorsaamheid.
- Dit was 'n baie moeilike saak vir 'n Oosterling, want soos hulle dit verstaan het, was 'n koning nie aan iemand gehoorsaam nie.
  - Hy het die mag, en hy beveel mense om hom gehoorsaam te wees.
  - Nou moet die koning vir iemand anders wag sodat dié hom kan vertel wat hy moet doen.
  - Dit was waarskynlik een van die redes waarom Saul se manskappe begin wegloop het.

Daarom toets God hom. Hy wil kyk of die aard van Saul se koningskap suiwer is.

- Dit sal dan tot uiting kom in sy gehoorsaamheid aan die eintlike Koning – die Here.
- Daarteenoor kom Saul se verwaandheid uit in sy antwoord aan Samuel: Ek het my sterk gehou.
  - Ek het my sterk gehou en die brandoffer gebring.
  - Hy wou dus kragdadig optree – menslikerwys gesien.
  - Om te wag totdat die Here eendag deur sy profeet met hom werk het vir hom na swakheid gelyk.

Daarom antwoord die Here: Jy het dwaas opgetree.

- As jy vir die Here geluister het, sou die Here jou koningskap bevestig het.
- Maar nou sal jou koningskap nie langer bestaan nie.

Dan kom die straf – die Here het vir Hom 'n man na sy hart gesoek.

- Die Here het besluit op iemand anders.
- Die Here gaan hierdie ander man as koning oor sy volk aanstel omdat Saul nie gedoen het wat die Here van hom verlang het nie.

Op dieselfde plek waar Saul en sy manne 'n paar oomblikke tevore vrolik was, staan die koning verslae – die Here het hom verwerp.

- En hy het ook geen antwoord gekry wat hy nou met die manne moet doen nie.
- Pas berou nie op 'n plek en geleentheid soos dié nie?
- Of moet mens maar aangaan en jou sterk hou?

### 3. Toepassing

Dit gaan in hierdie gedeelte oor verantwoordelike koningskap. Ons is dus betrek by hierdie teks in die Ou Testament. Opsommend staan die saak met ons so:

- Ons is geskape na God se beeld.
- Dit is om met ware kennis, en in ware geregtigheid en heiligheid, te kan lewe.
- Dit is ons koningsbeeld, priester- en profetebeeld wat ons van God dra.

Hierdie beeld is geskend toe Adam in sonde geval het, en van daardie oomblik af was ons maar almal soos wat dit in die lewe van Saul uitgebeeld is – onbekwaam om ons koningsbeeld reg te hanteer en uit te leef.

- Prakties beteken dit dat ons maklik moeg word om die regte ding te doen, en dikwels selfs rede en regverdiging soek om die verkeerde na te volg.
- Die voorbeeld het ons baie duidelik in Saul.
  - Die dryfveer agter alles is baie duidelik – ons wil nie gehoorsaam wees aan die bevel van God nie.
  - Ons sien dit as gedwonge slaafskap.
  - Ons wil vry wees in ons eie wil en oordeel – wat op sy beurt weer neerkom op verset en revolusie teen God.

Ons moet in die hele saak onthou dat God ons in sy raad begenadig het en ook tot hulp gekom het.

- Omdat onself ons beeld verloor en geskend het, het God dit van sy kant af herstel. Jesus Christus het kom leef en sterf.
- Hy het enersyds ons sondes met God versoen.

*Dit beteken dat Hy versoening bewerk het vir al die kere wat ons die eise van God om heilig te wees en om sy wil uit te voer, nagelaat het.*

- Maar dit beteken ook dat Jesus dit moontlik gemaak het dat ons onderskeidingsvermoë ons nie soos Saul s'n in die steek laat nie.
- Die Heilige Gees kom op sy bevel, en woon in die kerk.
  - Hy lei en bemeester ons gees en verstand sodat ons kan onderskei tussen reg en verkeerd.
  - Sodat ons met ander woorde kan weet en duidelik kan sien wat God van ons verwag en waar Hy met ons wil heen.
  - Kom ons hoor dit in die woorde en begrippe van ons teks: Die Here Jesus het ons koningskap herstel en weer bevestig!

Kom ons gebruik dan hierdie genade. Ons doen dit deur net te doen wat Saul nie wou doen nie.

- Hy wou nie aan God gehoorsaam wees nie.
- Hy wou nie inval by God se beskikking oor tyd nie.
- Hy wou ook nie aan die Here se gang en beskrywing van die geskiedenis onderworpe wees nie en het toe in sy verwaandheid sy beproewing tot oneer van die Here hanteer.

Wees baie helder oor alle besluite wat u moet neem.

- Besin goed oor wat die Here verwag.
- Vergeet jou eie belangrikheid en verwaandheid.
- Buig in nederigheid voor die Here, en ontvang sy seën.

**Amen.**

Slotgebed

Psalm 144:1 (p. 691)

- 1 Geloofd sy God wat my in wank'le tyd / 'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;  
 wat tot die kryg my hande toeberei, / so goed is en 'n vestingwerk vir my;  
 wat my die skans tot redding wil verstrekk, / by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;  
 wat in die stryd my altyd trou bewaak / en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
 Gereformeerde Kerk Bellville  
 Datum: 9 November 2008